
# Fabels: Die leeu en die apie

Naam:

In hierdie les gaan jy ŉ fabel uit Nigerië lees en vrae daaroor beantwoord.

Nigerië is ŉ land in Wes-Afrika. Omdat dit naby die ewenaar is, is die klimaat tropies, met hoë reënval en reënwoude in groot dele van die land.





**A. Lees ŉ fabel: Die leeu en die apie – ŉ storie uit Nigerië**

[bron: https://goo.gl/s4kVss ]


Eendag wou Oupa vir ons ŉ les leer oor vertroue en dankbaarheid, en toe vertel hy vir ons die storie van die leeu en die apie …
Die leeu en die apie het in ŉ digte oerwoud saam met baie ander diere gewoon. Die leeu het op die grond rondgeloop, en die apie het in die boomtoppe geswaai. Die apie het soms afgekom grond toe om kos te soek, of wanneer hy tussen bome wat ver uitmekaar was, moes loop.
Eendag sien die leeu ŉ stuk vleis op ŉ breë piesangblaar op die oerwoudvloer. "Hier is ŉ gratis en maklike maaltyd vir my," dink hy. "Dit gaan heerlik smaak!"
Die leeu stap na die middel van die piesangblaar om by die watertandlekker vleis uit te kom, maar net toe hy sy tande in die vleis slaan, gee die grond onder hom pad. Hy val saam met die vleis en die piesangblaar in ŉ diep put.
"Hoe moes die leeu weet dat ŉ gratis maaltyd nie altyd gratis is nie; dat ŉ maklike maaltyd nie altyd so maklik is soos dit lyk nie?" sê Oupa. "Hoe moes Odum, die koning van die oerwoud, geweet het die vleis is die aas van ŉ geslepe jagter? Die jagter het ŉ diep put gegrawe en dit met ŉ piesangblaar bedek. Toe het hy die vleis in die middel van die blaar neergesit en die blaar met sand bedek om die aas weg te steek. Hoe moes die trotse leeu geweet het iemand sou hom in sy eie oerwoud so ŉ nare streep trek?" vra Oupa.

© e-classroom

Toe sing Oupa vir ons ŉ liedjie:
"Mgbe iche na obu n'efu,
Lezie anya!
Lezie anya ma obu n'efu,
Lezie anya!"

En dit beteken:


"Wanneer jy dink iets is gratis,
wees versigtig!
Maak baie seker dit is regtig gratis,
Wees versigtig!"



Die put was so nou dat die leeu net op sy agterbene kon regop staan – ŉ baie ongemaklike posisie vir ŉ leeu. Hy kyk om hom rond en sien die rooi grond bo sy kop. Dit lyk soos ŉ gladde, ronde ringmuur. Die leeu probeer alles om uit die diep put te klim, maar elke keer verkrummel die rooi grond onder sy kloue, en hy val terug na die bodem van die put.

Teen skemer is die leeu steeds in die diep put. Hy is so moeg dat hy nie eens genoeg krag het om die vleis te eet nie. Toe sien hy skielik ŉ stert verbyswiep. Die stert behoort aan Enwe, die apie. Hy het oor die put gespring. Die leeu roep desperaat om hulp. Enwe is baie verbaas oor wat hy sien toe hy in die diep put afkyk!
"Wat doen die koning van die oerwoud in so ŉ diep, donker put?" vra hy vir die leeu.
"Ek het ingeval," sê die leeu met ŉ moeë stem. "Ek is al van vanoggend af hier. Nou is die son besig om onder te gaan. Ek wil nie hier doodgaan nie. Help my asseblief."
Die apie huiwer en begin wegstap, maar die leeu smeek al hoe harder. Toe sê die apie vir die leeu: "Ek hoor dat nie een van die diere wat al vir jou ŉ klip uit die pad gerol het, geleef het om die storie te vertel nie."
"Ek weet my vriende is te slim om hierdie leuens te glo wat my vyande vertel," sê die leeu, "en ek beskou jou as een van my vriende. Help my asseblief."
Op die ou end kry die apie die leeu jammer en hy laat sy stert soos ŉ tou in die diep put afsak. Die leeu hou aan die apie se stert vas en klim boontoe. Maar toe hy uit die put is, wil die leeu nie die apie se stert laat los nie.
"Waarom hou jy nog steeds my stert vas? Los my! Het ek jou nie uit die diep put gehelp soos jy my gevra het nie?" vra die apie vir die leeu.
Maar die leeu hou die apie se stert al stywer vas, en toe die apie in die leeu se oë kyk, is hy vreesbevange. Hy het nog nooit voorheen in ŉ honger leeu se oë gekyk nie. "Laat my asseblief gaan!" huil die apie. Maar die leeu klou die apie se stert net stywer vas, en die uitdrukking in sy oë raak nog meer vreesaanjaend.

© e-classroom 



Skielik verskyn ŉ ou vrou. Sy is op pad na haar plaas toe en sien hoe die diere redekawel. Sy gaan staan en vra hulle waaroor hulle stry. Die apie vertel haar hoe hy die leeu uit die diep put gehelp het. "Maar nou wil hy nie my stert laat los nie," kla die apie.

Nadat die apie sy kant van die storie vertel het, vra die ou vrou vir die leeu of dit waar is. Die leeu knik instemmend. Toe sê die ou vrou vir die apie: "Vou jou hande saam en sê: 'Ek gaan sterf vir my goedhartigheid. Ek gaan sterf vir my goedhartigheid.'" Die apie vou toe sy hande saam en sê: "Ek gaan sterf vir my goedhartigheid. Ek gaan sterf vir my goedhartigheid." Die ou vrou draai na die leeu toe en sê: "Vou jou pote saam en sê, 'Iemand gaan sterf vir sy goedhartigheid. Iemand gaan sterf vir sy goedhartigheid.'" Die leeu lig toe sy een voorpoot op en sê: "Iemand gaan sterf vir sy goedhartigheid. Iemand gaan sterf vir sy goedhartigheid."

"Nee!" sê die ou vrou, "ek het gesê vou jou pote saam, en ek bedoel albei jou voorpote, en sê dan die woorde." Toe die leeu doen wat sy sê en sy voorpote saamvou, ontsnap die apie en hardloop weg. Die leeu jaag die apie tot hy in ŉ boom daar naby klim. Teleurgesteld kyk die leeu terug na die plek waar hy die ou vrou gesien het, maar sy is nie meer daar nie.

Oupa bly stil en kyk na ons gesigte wat skielik ophelder omdat die storie ŉ gelukkige einde vir die apie het. Toe begin hy sing:

"Ihe oma m egbula m o;
Ihe oma m egbula m o;
Onye m mere nma egbulam o;
Ihe oma m egbula m o."

En dit beteken:

"Laat my goedhartigheid nie my dood veroorsaak nie;
Laat my goedhartigheid nie my dood veroorsaak nie;
Laat iemand wat ek gehelp het my nie doodmaak nie;
Laat my goedhartigheid my nie doodmaak nie."

## B. Klasbespreking

1. Voorspel waaroor dié fabel gaan deur na die titel te verwys.

________________________________________

2. Kan jy aan nog fabels dink wat oor ŉ klein en ŉ groot dier gaan?

________________________________________

© e-classroom

3. Watter kenmerke van fabels kom ook in hierdie fabel voor?

4. Dink jy dat die fabel die boodskap (soos in paragraaf 1 genoem) goed oordra?

## C. Begripstoets

Beantwoord die vrae in volsinne.

1. Wat is ŉ boomtop? [1]

2. Beskryf in jou eie woorde hoe ŉ oerwoud lyk. [1]

3. Om watter twee redes het die apie soms grond toe gekom? [2]

4. Hoe het ŉ jagter te werk gegaan om prooi te probeer vang? [2]

5. Verduidelik in jou eie woorde wat 'redekawel' beteken. [1]

6. Wat beteken die idioom 'om vir iemand ŉ klip uit te pad te rol'? [1]

7. Waarom dink jy waarsku die oupa dat mens eers seker moet maak iets is regtig gratis voordat mens ŉ gratis ding by iemand aanvaar? [1]

8. Hoekom dink jy wou die leeu nie die apie se stert los nadat hy uit die put gered is nie? [1]

© e-classroom

9. Wat was die apie se naam? [1]

10. Hoekom dink jy was die leeu teleurgesteld toe hy sien dat die ou vrou ook weg was? [1]

11. Waarom het die kinders se gesigte aan die einde van die verhaal opgehelder? [1]

12. Wat dink jy beteken: "Laat my goedhartigheid nie my nie dood veroorsaak nie"? [1]

13. Noem twee voorbeelde waar karakters in hierdie fabel dankbaar moes wees. [2]

**TOTAAL = 16**

## D. Taal in konteks

1. Waarom word Oupa in paragraaf 1 met ŉ hoofletter gespel? [1]

2. Noem twee abstrakte selfstandige naamwoorde uit paragraaf 1. [2]

3. Die woordorde van hierdie sinne is deurmekaar! Skryf die sinne oor en maak seker dat die woordorde korrek is:

   a) ontsnap Die vinnig het apie. [1]

   b) Odum koning se oerwoud was van naam Die die naam. [1]

   c) jagter ŉ het diep Geslepe ŉ put gegrawe. [1]

4. Kies die regte voorsetsels:

   a) Die leeu het die apie (met/aan) sy stert beetgehad. [1]

b) Die kinders hulle verluister (in/aan) hul oupa se storie. [1]

______________________________________________

c) Die ou vrou het nie meer (by/op) dieselfde plek gestaan nie. [1]

______________________________________________

5. Breek die woorde op in hul stamme, voor- en agtervoegsels:

a) agterbene ______________________________ [1]

b) vriende ______________________________ [1]

c) watertandlekker ______________________________ [1]

6. Breek die sinne op in onderwerpe, gesegdes en voorwerpe. Gebruik hierdie tabel:

| | **Onderwerp** | **Gesegde** | **Voorwerp** |
|---|---|---|---|
| a) | | | |
| b) | | | |
| c) | | | |

a) Die vreesaanjaende leeu jaag die verskrikte apie. [3]

______________________________________________

b) Oupa kyk na ons gesigte. [3]

______________________________________________

c) ŉ Geslepe jagter wou graag aaklige ongediertes vang. [3]

______________________________________________

7. Skryf hierdie sinne in die direkte rede oor:

a) Die apie vertel dat sy vriende hom teen die leeu gewaarsku het. [3]

______________________________________________

b) Die apie skree dat iemand hom asseblief moet help. [3]

______________________________________________

8. Wat beteken hierdie idiome?

a) Die leeu het die apie om die bos gelei. [1]

______________________________________________

b) Die kinders hang aan hul oupa se lippe. [1]

______________________________________________

c) Daar is ŉ slang in die gras. [1]

______________________________________________

**TOTAAL = 30**